POLICY 043/2017 RAADSBELEID

SUBJECT/ONDERWERP: **VOORSIENING VAN ROOIGROND**

REFERENCE/VERWYSING: **15.1.15.1**

RESOLUTION NR/BESLUIT NO: **15.8/05/2017 (RV)** DATE/DATUM: **30 Mei 2017**

BELEIDSOOGMERK : Om die prosedures en heffings van toepassing op die voorsiening van rooigrond aan die publiek te reguleer.

BELEIDSFILOSOFIE EN BEGINSELS
Die Raad as eienaar van die meent stel rooigrond funksionele en estetiese doeleindes beskikbaar.

RIGLYNE

1. Rooigrond is 'n vorm van duinsand wat deur die Raad aan die publiek beskikbaar gestel word en het hoofsaaklik twee aanwendings, naamlik as tuingrond en as slootvulmateriaal by pyplynkontrakte.

2. Die Raad voorsien 'n hoeveelheid gratis rooigrond aan aansoekers van sekere, verdienstelike organisasies in sy gebied.

3. Daar word 3 vragte rooigrond per instansie per jaar gratis beskikbaar gestel aan bona fide aansoekers van die volgende instansies:

    - Skole en Kleuterskole
    - Gemeenskaplike Sportklubs
    - Nie-winsgewende organisasies
    - Kerke

4. Alle ander instansies en lede van die publiek koop rooigrond aan teen die tans hersiende prys per kubieke meter, plus BTW, soos in die tariefbundel vervat.

PROSEDURE

1. Vir aangekoopte rooigrond moet die nodige bewys van betalingspermit vooraf by die Direktoraat Siviele Ingenieursdienste verkry word.

2. Rooigrond is slegs verkrygbaar by die een geïdentifiseerde ligging bekend as die rooigrond leengraf langs die Olifantshoekpad en verder ook net by vertoning van die voorgeskrewe permit.

3. Meriete aansoeke (deur instansies gemeld in punt 3 van die riglyne) vir die verskaffing van rooigrond word deur die betrokke Raadslid, by die kantoor van die Speaker/Burgemeester ingedien vir aanbeveling wat dan na die Munisipale Bestuurder geneem word vir goedkeuring.

4. Die versoek word deurgegee aan Siviele Ingenieurs Dienste wat die versoek uitvoer sodra die betrokke voertuie beskikbaar is.

5. Die Raad se voertuie sal beskikbaar gestel word vir die oplaai en aflaai van rooigrond by die instansies gemeld in punt 3 van die bogenoemde riglyne.

ROLLE
Direktoraat Siviele Ingenieurs Dienste.
Kantoor van die Speaker/ Burgemeester

VERWANTE BELEID
Tariefbundel.

HERROEPINGS/WYSIGINGS
Dat alle vorige beleidsbesluite in hierdie verband herroep word.